Hoofstuk 93 Die Voormiddag / Surah Ad-Duha

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Daar het 'n tydelike staking in openbaring aan die Profeet plaasgevind nadat hy die heidene en die Jode 'n antwoord vir die volgende dag belowe het maar vergeet het om by te voeg: "insha'Allah". Toe die heidene hom begin terg en sê dat Allah hom verlaat het was die hoofstuk openbaar

1. Ek sweer by die voormiddag, wanneer die son op sy helderte skyn nadat dit die donkerte van die nag verdryf het,

2. en by die nag wanneer dit begin stil en rustig raak: 'n tyd van liggaamlike rus en verstandelike herorganisering, nabetragting en voorbereiding vir die nuwe dag geestelike groei en werk,

3. dat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer jou nie versaak het nie en ook nie ontevrede met jou geword het nie.

4. Moenie dat die gekoggel van die heidene jou onderkry nie, die Hiernamaals, waar jy na hartsbegeerte geseën gaan word, is in elk geval baie beter vir jou as die teenswoordige lewe, waar jou koggelaars nog sal sien dat hul beskuldigings en aannames heeltemal vals is, so ook is elke nuwe tydperk in jou lewe in elk geval beter as die vorige, soos die variasie in Allah se nabyheid aan jou.

5. En natuurlik sal jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer jou so baie van dit wat jy begeer gee, dat jy tevrede sal wees, onder andere: die vooruitgang van Islam, vervulling van die behoeftes van die Moslem gemeenskap, oorwinning oor sy vyande en verkondiging van die Woord van Allah in vyandige lande.

6. Het Hy jou dan nie as wesie, waarvan die vader oorlede is nog voor sy geboorte, gekry en aan jou skuiling by jou liefdevolle oupa, Abu ul Muttalib en jou oom, Abu Talib, gebied nie?

7. En toe Hy gevind dat jy onbewus was van Sy Wil, verlore en nie op die Regte Weg nie, het Hy aan jou leiding gegee.

8. Toe toe Hy gevind het dat jy behoeftig was, terwyl jy nog in vennootskap met Khadijah was voordat julle getroud is, het Hy jou behoeftevry gemaak nadat julle getroud is en al haar besittings toegewy is aan jou diens.

19. Omdat jy dus weet hoe dit voel om in 'n onbevoorregte possie te wees en onregverdig en wreed behandel te word, soos die wesies, en omdat Allah na jou omgesien het, sien dan nou om na die belange van ander wesies deur hulle goed en sagkens te behandel sodat hulle op geen manier verdere seerkry sal ervaar nie,

10. en moenie enigiemand wat iets van jou vra, soos 'n bedelaar of iemand wat vrae vra, berispe of uitskel nie: gee vir die bedelaar iets en antwoord die vraag vriendelik en beleefd.

11. En getuig van die oorvloed en goedheid wat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan jou gegee het op 'n verskeidenheid van maniere: as dit welvarendheid is, getuig deur daarvan met opregtheid te spandeer in die saak van Allah, of 'n goeie sterk liggaam, gebruik dan jou krag en sterkte in die uitvoering van jou godsdienstige verpligtinge, en as dit kennis is, deel dit met ander.